

**Skrifgedeelte: Johannes 3:1-15**

**Fokusgedeelte: Johannes 3:5-8**

**Die Heilige Gees skep nuwe lewe in dooie harte**

Nikodemus, 'n Fariseër, wil nie in Jesus se geselskap gesien word nie, hy kom daarom in die nag na Jesus. Jesus weet Nikodemus is nog nie in die Koninkryk, of anders gesê, wedergebore nie. Nikodemus neem "wedgebore" fisies op en wys op die onmoontlikheid dat 'n volwasse mens weer 'n natuurlike geboorte kan ondergaan.

Jesus leer dat wedergeboorte nie jou fisiese voorkoms verander nie, jou vingerafdruk bly dieselfde, maar dat dit 'n hartsverandering is. Wedergeboorte is 'n herskepping van ons diepste binnekant en die verandering word van bo, van die hemel, bewerk. Net God kan dit bewerk. Wedergeboorte is die werk van God die Heilige Gees. Hy is almagtig en kan nuwe lewe skep. Die Vader is die bron van lewe en Christus bedien die ware lewe deur mens te word. Die kern wat verandering in ons harte moontlik maak, is die lyde, sterwe en opstanding van Jesus. Daarom verwys Jesus na die koperslang in die tyd van Moses. Om van die giftige slangbyt genees te word, moes mense opkyk na die slang. Om geestelik dooie mense lewend te maak, moes Jesus gehang word aan die kruis. Deur sy opstanding is Hy die Gewer van genesende nuwe lewe.

Die Heilige Gees pas die nuwe lewe individueel toe op geestelik dooies. Sy werk van wedergeboorte kan ons nie deurgrond nie. Soos ons nie weet vanwaar en waarheen die wind waai nie, maar *dat* dit waai, so is die geheimnisvolle werk van die Gees. Hy skep nuwe harte, nuwe verhoudinge, nuwe inspirasie. Ons is verwonderd en in aanbidding oor die werk van die Heilige Gees. Daarom wil ons deur die krag van die Gees ons daagliks bekeer. Ons wil in ons lewenstuin die onkruid uittrek sodat die vrug van die Gees kan uitswel.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Prof. BJ de Klerk (Ben) (emeritus)*